



# TJOKKIE



Uitgawe 10|2|2020

24 Julie 2020

# brokkies!

## Uit die kantoor...

Die aangeleentheid rondom die onderwysers wat in isolasie was a.g.v. hul jaguitstappie, het die skool in 'n slegte lig gestel. Die bedoeling was nie om goeie werk ongedaan te maak nie, daarom bied die skool weereens verskoning aan teenoor die ouers vir enige ongerief wat deur hierdie aangeleentheid veroorsaak is. Die saak is ook reeds met die beheerliggaam bespreek en intern hanteer.

## SLUITING VAN SKOOL

Die aankondiging deur die President gisteraand dat die skole op 27 Julie sluit (kinders bly reeds Maandag tuis), het opnuut weer die verantwoordelikheid van opvoeding van die skool na die ouerhuis verskuif. Ons het egter voorsien dat dit sou gebeur, juis omrede die verspreiding van Covid-19 vinnig toeneem. Dit was dan ook Tjokkies se beweegrede waarom ons die Gr.4 en Gr.5 leerders vroeër laat terugkeer het as op die amptelike datums soos wat dit deur die regering voorgestel is. Met hierdie pro-aktiewe optrede het Tjokkies dit vir ons kinders moontlik gemaak om gevolglik bietjie onderrigtyd by die skool te kon ontvang.

Die terugkeer van leerlinge na die breek hang af van inligting wat ons van die Departement ontvang. Ongelukkig was daar nie baie duidelikheid in die President se aankondiging nie en wag ons steeds vir bevestiging van datums, ens. Uit ondervinding het ons geleer dat dit op kort kennisgewing kan verander. Ons kan wel voorlopig die volgende reëlings deurgee vir u beplanning.

## Terugkeer vir skool:

DATUM	GROEP
11 - 12 Augustus	Gr. 7 (Groep 1)
13 - 14 Augustus	Gr. 7 (Groep 2)
10 - 14 Augustus	Gr. 1 - 3 (Werk op e-platform beskikbaar) Gr. 4 - 6 (Basislyn-assessering) Al die vraestelle kan eenmalig op <b>10 Aug.</b> in harde kopie by sekuriteit afgehaal word. (Hek 1) Indien u die vraestelle via die platform wil aflaai, sal dit daagliks volgens rooster gelaai word.
17 - 21 Augustus	Gr. 7 (Groep 1)
17 - 21 Augustus	Gr. 1 - 6 (Werk op e-platform beskikbaar)

*Baie dankie aan ons anker berge! Ondersteun hulle asseblief.*



## **E-Platform**

Die Tjokkie-channel is die medium wat ons gebruik om inligting en akademiese materiaal aan die leerders beskikbaar te stel. Daar is egter 'n paar leemtes waaraan ons wil werk. Dus sal die Tjokkie-channel onder konstruksie wees vir die volgende twee weke en kan die leerders 'n twee weke ruskans neem. Geen werk sal dus gelaai word nie. Ons beplan dat die channel weer ten volle in werking sal wees vanaf 10 Augustus.

## **GESONDHEID**

Ons verneem daaglik van ouers, kinders en vriende van Tjokkies wat gekonfronteer word met die pandemie en wat reeds positief getoets het. Graag bid ons almal 'n spoedige herstel toe. Saam met ons Hemelse Vader sal ons op ons knieë hierdie siekte kan oorwin.

Groete  
Neels Gunter  
Skoolhoof